

**27 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 16:1-36**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 16:8-11**

### **Loof die Here**

Die ark (simbool van God se teenwoordigheid) word permanent na Jerusalem gebring. Hoewel dit nog (tydelik) in 'n tent staan, sal die Leviete nie meer die ark van plek tot plek dra nie, maar voor die ark diens doen (vers 4). Die belangrikheid van hul taak kom na vore in die drie kultiese terme in die tweede deel van vers 4: *roem, loof en prys*. God word geroem deurdat sy groot dade uit die verlede in dankbare herinnering geroep word, in die verwagting dat Hy weer, soos in die verlede, aan sy volk sal dink (vers 12-22). Om die Here te loof, beteken persoonlike lof en dank aan die Here, wat ook die belydenis van sonde insluit. As naamwoord *lof van die Here* verwys die begrip ook na die lofoffer of dankoffer wat getuig van blydskap oor vergifnis (vers 23-27). Die Hebreeuse woord *prys* is deel van die bekende uitroep *Halleluja* wat "prys die Here" beteken. Dit is 'n vreugdevolle uitroep tot eer van God (vers 28-36). Wanneer hierdie nuwe lied waarin God geroem, geloof en geprys word aan die volk voorgesing word sodat hulle dit kan leer, beaam hulle die inhoud daarvan met *Amen* –"laat dit so wees" (vers 36b).

Vir ons om God waarlik te roem, loof en prys is die volgende nodig: 1. Ons moet kyk na die verlede. Ons moet Hom dus *ken* uit die Ou en Nuwe Testament én uit eie geloofservaring. 2. Ons moet in vertroue op sy vergewende genade ons skuld en swakhede bely en Hom dank vir vergifnis. 3. Ons moet opgewonde uitroep, laat hoor, verkondig wat God vir my gedoen het.

Aan die Here ons God kom die lof toe van ewigheid tot ewigheid! Roem Hom! Loof Hom! Prys Hom!

*Sing: Psalm 105:1,2 Ds PD van Dyk (Middelburg, Tvl)*